# Die aktualisering van die gemeenskap van die gelowiges binne die erediens

J F van der Merwe & M J du P Beukes
Universiteit van Pretoria

Abstract
The actualising of the community of believers within public worship

The youth experiences the public service in the Nederduitsch Hervormde Church of Africa as cold and dead. According to investigations it feels that the public service lacks warmth and intimate atmosphere. Therefore this article wants to investigate the community of believers in the church. The question of how the church can realise the community of believers is raised. To reach this point, firstly the Bible and the articles of faith is investigated, and after that a look is taken at the nature of the public service, and the actualising of the believers.

## 1. RELEVANSIE VAN DIE TEMA

Die funksionering van die kerk word vandag aan bande gelê deur die afwesigheid van sekere elemente van die gemeenskap van die gelowiges. Volgens 'n studie wat onder die Belydende Kerkjeug-aksie van die Nederduitse Gereformeerde Kerk gedoen is, is die een groot behoefte van die jongmense 'n groter mate van kameraadskap tussen die gelowiges onderling. Die belangrikste probleem volgens die jongmense is dat die erediens 'te min warmte en intieme atmosfeer' het (NGK 1986:37). Die probleem kom egter nie net in die Nederduitse Gereformeerde Kerk voor nie, maar is ook in die Nederduitsch Hervormde Kerk baie aktueel. Die erediens as sentrum van die Kerk se verkondigingsaktiwiteit word ook in die Nederduitsch Hervormde Kerk van Afrika as koud en dood beleef.

Uit die Nuwe-Testamentiese getuienis word dit duidelik dat die gemeenskap van die gelowiges wel in die vroeg-Christelike tyd gefunksioneer het (Van As

* Voorgelê ter vervulling van 'n deel van die vereistes vir die BD-graad in die Fakulteit Teologie (Afd A), Universiteit van Pretoria onder leiding van prof dr M J du P Beukes.

1983:25-30; Van Rooyen 1983:28-33). Die duidelikste voorbeeld daarvan is Handelinge 2:42-47 waar die funksionering van die eerste gemeente beskryf word. Die vraag ontstaan dan hoekom die gemeenskap van die gelowiges nie vandag tot volle ontplooiing kom nie. In sy bestudering van die gebrek aan gemeenskap onderskei Van As (1983:53) tussen teologiese en nie-teologiese faktore. Beide faktore is as oorsaak relevant, maar die nie-teologiese faktore word as 'dominant' beskou teenoor die meer 'latente' aard van die teologiese faktore. Onder 'teologiese faktore' word dan sake soos die dogmatiese en amptelike karakter wat die Kerk in die tyd na die Vroeë Kerk verkry het, verstaan. Die nie-teologiese faktore is sake soos die verstedelikingsproses, sekularisasie, spesialisasie, 'n oormatige klem op privaatheid ensovoorts (Van As 1983:32-53; Buitenweg 1987:2-42). Die vraag rondom die gemeenskap van die gelowiges is dus relevant omdat die funksionering soos in die eerste gemeente vandag nie meer na vore kom nie.

Die belang van die realisering van die gemeenskap van die gelowiges in die kerk word baie goed verwoord deur Schaeffer in 'n intensiewe studie oor hoe die kerk in die laaste deel van die twintigste eeu as Kerk van Christus kan bly voortbestaan: 'I am convinced that in the twentieth century people all over the world, will simply not listen if, though we have the right doctrine and right polity [sic], we are failing to exhibit community' (Schaeffer 1970:89). Dit is dus duidelik dat dit absoluut noodsaaklik is dat die kerk maniere sal vind om, te midde van veranderde omstandighede, steeds die gemeenskap van die gelowiges in die kerk te laat realiseer. Uit die bogenoemde word dit duidelik dat die kerk met nuwe erns na die gemeenskap van die gelowiges sal moet kyk.

Die werkwyse van hierdie artikel sal wees om eers na die Bybel en die belydenisskrifte te kyk om sodoende te poog om die wese van die gemeenskap van gelowiges te verstaan. Vervolgens word daar na die wese van die erediens en die aktualisering van die wese van die gemeenskap van gelowiges in die erediens gekyk.

## 2. DIE WESE VAN DIE GEMEENSKAP VAN DIE GELOWIGES

### 2.1 Eksegetiese resultate

Die saak van die gemeenskap van die gelowiges word veral in die Griekse woord κοινωνία in die Nuwe Testament teruggevind. In die standaardwerk van Seeseman oor die begrip κοινωνία in die Nuwe Testament onderskei hy tussen drie betekenisvelde naamlik *koinonia as mededeelsaamheid*, *koinonia as deelneming* of *aandeel hê aan* en *koinonia as gemeenskap* (Seesemann 1933:24). Al drie die betekenisvelde geld in samehang met mekaar ten opsigte van die erediens (Van Rooyen 1983:13).

In 'n deeglike bestudering van die woord κοινωνία en die ander uitdrukkings wat semanties daarmee saamhang, laat Buitenweg (1987:52-134) dit duidelik word

dat die woord κοινωνία veral twee betekenismoontlikhede het: Daar is die vertikale dimensie waar gemeenskap met en deur God ter sprake kom. Die vertikale dimensie kom na vore in frases soos *koinonia van Christus* (1 Kor 1:9), *koinonia met die bloed van Christus* (1 Kor 10:16), *koinonia van sy lyding* (Flp 3:10), *koinonia met die Heilige Gees* (2 Kor 13:13) en *koinonia met die Evangelie* (Flp 1:5). Hierdie dimensie of gemeenskap met God vorm die grond en gee die moontlikheid vir die gemeenskap tussen die gelowiges.

Daar is ook 'n horisontale dimensie waar die gemeenskap van mense onderling van belang is. Die gemeenskap van gelowiges val in die horisontale dimensie van *koinonia*. Hierdie dimensie is onder andere te vinde in tèkste soos Filemon 6, 1 Johannes 1:3-7, Handelinge 2:42, Romeine 15:26, 2 Korintiërs 8:4 en 2 Korintiërs 9:13. Hier is egter nie van 'n blote horisontalisme sprake nie. Die 'gemeenskap van gelowiges' moet onderskei word van blote broederskap of warm medemenslikheid. Hierdie horisontale gemeenskap is gewortel in die vertikale dimensie, dit is die verhouding met God. Anders gestel, kan gesê word dat God 'n verhouding tussen Hom en die mens stig en op grond van daardie verhouding met God staan die mens in 'n nuwe verhouding met sy medemens. Die mens staan dan in *gemeenskap* teenoor sy naaste. Die hele proses vind met en deur die Heilige Gees plaas. Die Heilige Gees skep die gemeenskap deur en rondom die Woordverkondiging. Die erediens is dus die sentrum en die vertrekpunt van die gemeenskap van gelowiges.

In die studie van die Nederduitse Gereformeerde Kerk aangaande *koinonia* as die begronding vir die *diakonia*, word gestel dat die saak van die gemeenskap van gelowiges in die Nuwe Testament veral deur die drie ondergenoemde beelde tot uiting gebring word (NGK 1986:9):

### 2.1.1 Die gemeente as liggaam van Christus

Na aanleiding van Paulus se bespreking van die liggaamsbeeld in 1 Korintiërs 12:12-26 bring Buitenweg (1987:103-108) die volgende sake na vore:

- Uit die wentelpunte van die gedeelte in verse 18 en 25 word dit duidelik dat God die een is wat die liggaam tot stand gebring het en dit bestem het om op 'n spesifieke wyse te funksioneer.
- Hoewel die liggaam baie lede het, bly dit een liggaam. Die rede hiervoor is dat al die lede van die liggaam in die een liggaam ingedoop is en die Heilige Gees as gawe ontvang het. Net so is al die gemeentelede een, al is daar baie lede.
- Die onderskeie lede van die liggaam vertoon 'n verskeidenheid. Daar is dus sprake van verskeidenheid in die eenheid. Juis omdat die lede van mekaar verskil, kan die enkeling nie sonder sy medegelowiges klaarkom nie.

* Die feit dat die lede van mekaar verskil, sorg dat hulle op mekaar aangewese is. Daar is 'n interafhanklikheid tussen die onderskeie lede in die sin dat hulle mekaar nodig het en mekaar aanvul. Die gedagte van die stoflike mededeelsaamheid wat hiermee saamhang, word deur die Bybel nou verbind aan die saak van *koinonia.*
* Binne die diversiteit is daar nie 'n rangorde van lede nie. Christus bly die Hoof van die liggaam en al die lede is gelyk. Daar kan dus nooit van hooghartigheid sprake wees nie. Almal staan op gelyke voet, en daar is geen rede tot onderlinge verdeeldheid en partyskappe nie.

### 2.1.2 Die gemeente as huisgesin van God

Hierdie beeld kom in Efesiërs 2:19 na vore. Dit wil die intieme verbondenheid van die gemeente na vore bring. In die gemeenskap kom die geloofsverbondenheid na vore waaruit die liefde en dienslewering voortvloei. Dieselfde gedagte van die huisgesin, met God as die Vader en die gelowiges as kinders, kom voor in 1 Johannes 5:1-5, en dan veral in die volgende woorde: *Elkeen wat die Vader liefhet, het ook die [ander] lief wat kinders van die Vader is.*

### 2.1.3 Die gemeente as gebou van God

Die beeld van die gemeente as gebou van God en van Christus as die hoeksteen van die gemeente kom in Efesiërs 2:20-21 voor. Daar bestaan 'n baie noue verbondenheid tussen die lewende stene en die Hoeksteen en tussen die stene onderling. Die fondament vir die gebou is die Woordverkondiging.

Uit die Bybelse gegewens is dit duidelik dat die saak van *koinonia* uit God en deur God gestig word en plaasvind. Van Rooyen (1983:22) stel dit soos volg: 'In die Nuwe Testament wil al die verskillende *koinonia*-verbindinge die totaliteit van die eenheid tussen die gelowige en Christus, die Heilige Gees en die medegelowige uitdruk.' Dit is dus duidelik dat die primêre gerigtheid op God nie anders kan as om tot die gemeenskap tussen die gelowiges onderling deur te werk nie.

*Koinonia* is nie iets wat in die mens ontspring nie, maar juis in God. Dit beskryf die verhouding wat daar tussen God en die verloste mens ontstaan het (Du Rand 1985:74-75). Die werking van die Heilige Gees verbind ook die gelowiges aan mekaar. Du Rand (1985:75) beskryf *koinonia* as 'n dinamiese Christenwees.

### 2.2 Belydenisskrifte

Geloof binne die gemeenskap van die Heiliges word in Sondag 21 van die Heidelbergse Kategismus soos volg verduidelik: 'Eerstens dat die gelowiges almal saam en elkeen afsonderlik, as lede met die Here Christus gemeenskap en aan al sy skatte en

gawes deel het. Tweedens dat elkeen verplig is om sy gawes gewillig en met vreugde tot nut en saligheid van die ander lede aan te wend' (vgl Oberholzer 1986:80-81).

Wielenga (1947:509), in sy kommentaar op die Heidelbergse Kategismus, sien hierdie artikel in baie noue verwantskap met die vorige artikel oor die 'heilige algemene Christelike Kerk'. Hier word in besonderhede ingegaan op die kerk se verhouding met Christus en op die onderlinge verhouding van die gelowiges. In die eerste deel van die antwoord word aandag aan die vertikale verhouding tussen God en die gelowiges gegee. Hieruit vloei 'n groot troos vir die gelowiges omdat hulle al die gawes en skatte van God ontvang.

In die tweede deel van die antwoord word dan aandag gegee aan die horisontale dimensie tussen die gelowiges onderling. Barger & Thelemans (1914:401) se kommentaar op die Kategismus sien 'n vermaning in die tweede deel van die antwoord, omdat die gemeente verplig word om sy gawes met vreugde tot saligheid van die res van die gemeente te gebruik. Die gawes wat hier ter sprake is, kan geestelik en materieel van aard wees. Die beeld van die gemeente as liggaam van Christus kom ook hier na vore. God het aan elke gelowige gawes gegee om te gebruik tot die welwese van die kerk as die liggaam van Christus. Die aanwending van die gawes ter wille van die naaste geskied altyd vrywillig en met vreugde, omdat God reeds gemeenskap tussen Hom en die gelowige gestig het. Daar is nie sprake van dwang nie. Daar kan ook nie van onsuiwere beweegredes sprake wees nie, omdat die gawes uit liefde tot voordeel van die liggaam gebruik word. 'n Laaste saak wat aandag verdien, is dat die gelowige nie hierin 'n keuse het of hy graag gemeenskap wil beoefen of nie. Dit is deel van Christenwees (Wielenga 1947:513). Du Rand (1985:75) sien ook die mens se beoefening van gemeenskap deur geloof en liefde en totale gehoorsaamheid as 'n dankbare antwoord op wat God reeds in Christus gedoen het en op die gemeenskap wat God reeds tussen Hom en die mens gestig het.

Dieselfde gedagtegang word in die Nederlandse Geloofsbelydenis gevind as in Artikel 28 gesê word dat die gelowiges 'as lede van dieselfde liggaam...volgens die gawes wat God aan elkeen gegee het, die broers in die opbou van hulle geloof' moet dien (Diensboek 1987:152).

Die vraag is nou hoe hierdie verpligting van gemeenskap in die erediens as sentrum van die kerklike aktiwiteite gerealiseer kan word.

## 3. DIE EREDIENS

Voor daar na die aktualisering van die gemeenskap van die gelowiges in die erediens gekyk kan word, moet eers bepaal word wat die erediens is en hoe die wese van die erediens daar uitsien. Dit sal verhoed dat die wese van die erediens in die aktualisering buite rekening gelaat word en so in 'n eensydigheid verval word.

### 3.1 Definisie van die erediens

Eerstens word gelet op die verskil tussen 'n erediens en 'n blote samekoms van die gemeente. Die erediens is die amptelike omgang en bymekaarkom van Christus en die Kerk (Barnard 1981:388). Golterman definieer die erediens as volg: 'Erediens is het complex van woorden en handelingen, waarin die Christelike gemeente het haar geschonken geloof vertolk, ten einde daardoor bij te dragen tot die aanbidding Gods' (Golterman, in Van Wyk 1985:35). 'n Omvattende definisie van die erediens word in 1982 deur die Nederduitse Gereformeerde Kerk se Algemene Sinodale Kommissie vir die erediens gegee (vgl Van Wyk 1985:36), en dit lui soos volg:

> Die erediens is...die gelowige en ordelike samekoms van die gemeente met Christus en met mekaar, onder leiding van die ampte, waar die ontmoeting van en die gesprek met God plaasvind en die deelname aan Christus se heilsgoedere ondervind word, en waar die onderlinge samesyn tot opbou, vreugde en diensbetoon verloop in die lewende verbondenheid met die Kerk van alle eeue en in die verwagting van die volmaakte erediens.

Beukes (1990:18) se definisie van die erediens lui soos volg:

> 'n Erediens is 'n Godgewilde geordende byeenkoms van 'n Christelike gemeente waar God deur Woord en Gees deur middel van Skriflesing, prediking en ander liturgiese elemente met die gemeente in ontmoeting tree om geloof te gee en te versterk en waar die gemeente deur gebed en ander elemente die heil wat hulle van God ontvang het, vier en dankbaar uitdrukking gee van hulle geloof in God.

Uit hierdie definisies word dit duidelik dat dit in die erediens om die eer van God gaan en dat God in die middelpunt van die erediens moet staan. In die aktualisering van die gemeenskap van gelowiges in die erediens moet hierdie vertrekpunt gerespekteer word en mag die erediens nie net die geleentheid word waar 'n aantal kunsgrepe toegepas word om medemenslikheid en warmte te ervaar nie. In die defmisies word die vertikale indikatief van die heilsdade van God as die primêre vertrekpunt gesien. Soos uit die eksegetiese resultate blyk, is dieselfde waar van die gemeenskap van gelowiges. Die mens kan alleen reageer op dit wat God reeds vir hom gedoen het en die verhouding wat God reeds gestig het. Daarom funksioneer die dialogiese aard van die erediens ook sterk in die definisies.

### 3.2 Die wese van die erediens

In sy diepste wese is die erediens die ontmoeting tussen God en die mens. Dressel (1979:177) beskou hierdie ontmoeting as 'n groot misterie. Die misterie lê daarin dat die heilige, almagtige, verhewe God kom om die mens te ontmoet. Hier word dit weer eens duidelik dat God en sy dade in die middelpunt staan. Nel (1986:209) formuleer dit dan soos volg: 'Wanneer die gemeente saamkom, gaan dit...om groot waarhede: die aanbidding van God, die beleef van die beloftes wat geld vir hulle wat in sy teenwoordigheid saam is, 'n eerlike reaksie op die Waarheid van Homself en sy Woord...Die erediens is in dié opsig 'n konsentraat of samevatting van die hele evangelie.'

Elke mens se persoonlike omgang met God gedurende die week vind 'n verbreding en 'n verdieping in die erediens, in die gemeenskaplike sonder dat die individuele in die gemeenskaplike verlore gaan (Van Wyk 1985:37). Hier vind die gemeenskaplike weer sy grond in die vertikale indikatief van God se dade en die stigting van 'n liefdesgemeenskap deur die Heilige Gees. In die erediens sal nie net die belewing van die gemeenskap met God in Christus dus na vore kom nie, maar ook die belewing van die gemeenskap van die gelowiges. Gemeenskap van die gelowiges kan op geen ander plek gestig en opgebou word as juis in die erediens nie, want daar tree die mens as lid van die gemeente in ontmoeting met God.

Die erediens moet ook altyd amptelik wees, omdat die ampte die middel is waardeur God die liturgie lei (Van Wyk 1985:38). Volgens Barnard (1986:388) het Kuiper die erediens selfs as die amptelike, offisiële vergadering van die gemeente beskryf.

Barnard (1986:473-475) wys op vyf redes waarom die erediens in sy wese 'n feesgeleentheid is:

- Daar heers blydskap oor die verlossing uit genade wat die mens in Christus deelagtig geword het.
- Daar is ook van blydskap sprake by die teenwoordigheid en ontmoeting van Christus in die erediens.
- Die blydskap vind plaas deur die werking van die Heilige Gees.
- Vreugde kom ook ter sprake ten opsigte van die verwagting van die volmaakte diens wat nog sal kom.
- Ook heers daar blydskap oor en vanuit die onderlinge gemeenskap van die gelowiges.

Veral na die Reformasie word die erediens as 'n dialoog tussen God en die mens gesien, met ander woorde 'n dialoog op vertikale vlak. Die erediens word so 'n lewende gesprek tussen God en mens, waar God deur Woord en Gees spreek en die mens met sang, belydenis, gebed en offergawes antwoord. Die spreke en dade van

God roep om 'n antwoord (Van Wyk 1985:40). God is met ander woorde die een wat met die mens in ontmoeting tree en wat gesprek moontlik maak – die vertikale indikatief. Die mens kan hoogstens op die spreke en dade van God antwoord. Hierdie onbetwisbare verantwoordelikheid om op die spreke van God te antwoord verkry die mens op grond van die indikatief.

Volgens Beukes is die krag en die dinamiek van die erediens en ook wat die erediens onderskei van ander byeenkomste, die feit dat Jesus Christus daar teenwoordig is. Hierdie teenwoordigheid vind gestalte in die Heilige Gees, waardeur die heilsgoedere aan die mens bemiddel word. Die Gees wek geloof in die harte van die gelowiges en versterk ook die geloof in die erediens (Beukes 1989:8-12).

## 4. AKTUALISERING VAN DIE GEMEENSKAP VAN DIE GELOWIGES IN DIE EREDIENS

### 4.1 Inleidende opmerkings

Die 'gemeenskap van die gelowiges' is nie net maar warmte en vriendelikheid tussen die gelowiges onderling nie; in wese is daar 'n groot verskil tussen die twee sake. In sy wese is die gemeenskap van gelowiges die uitlewing van die gebod van naasteliefde. Die afwesigheid van die gemeenskap van gelowiges het dus baie groter oorsake as bloot vreemdheid tussen mense: Dit is gewortel in die ongehoorsaamheid van die mens teenoor God, ongehoorsaam aan die opdrag van God om sy naaste lief te hê. Daarom is daar 'n gebrek aan gemeenskap. Om die gedagte deur te trek na die twee dimensies van *koinonia*, kan gesê word dat die mens wat reeds in die vertikale verhouding met God staan ook die horisontale dimensie van *koinonia* sal uitleef. As die Christen in gebreke bly om naasteliefde te betoon, moet die fout nie op die horisontale vlak gesoek word nie, maar moet die probleem in die mens se verhouding met God gesoek word.

Die implikasie van bogenoemde stellings is dat daar nie 'n aantal kunsgrepe toegepas kan word om sodoende die gebrek aan gemeenskap te korrigeer nie. Dit sal 'n langdurige proses behels wat rondom die Woord van God wentel en vandaar na die ganse leefwêreld van elke Christen sal uitbrei. As gesê word dat daar vanuit die Woord vertrek word, kom die gesin as kleinste gemeenskap, onder die leiding van die gesinshoof, onmiddellik in die fokus. Daarna verskuif die klem na die wyksverband onder leiding van die ouderling en diaken. Dan word daar na die gemeente onder die leiding van die ampte gekyk. Al die groepe se werk staan onder die leiding van die Heilige Gees. Die rede waarom hierdie uiteensetting van belang is, is omdat al drie groepsverbande op mekaar inwerk en die gemeenskap van gelowiges beïnvloed.

Nou kan na die erediens as grootste groepsverband gekyk word en hoe die liturg die erediens kan inrig sodat die volledige implikasie en appèl van die Goddelike, vertikale indikatief na die horisontale dimensie kan deurwerk. Die imperatief van die Christelike liefde wat uit die indikatief moet vloei, behoort tot realisering in die lewe van elke gelowige te kom. Dit is daarom nie die liturg wat gemeenskap stig nie, maar die Heilige Gees.

### 4.2 Die liturgie as realisering van die gemeenskap van gelowiges

Volgens Trimp (1983:58) dui die woord λειτουργία op diens. Betekenismoontlikhede soos *publieke dienslewering* en *dienslewering by die tempel* kom voor. Dit wat Christus vir die mens kom doen het, is dus in sy wese λειτουργία. Die mens se aardse liturgie is net vrug van Christus se versoeningsdiens. As ons dus in die Kerk byeenkom, verrig Christus aan ons diens deur die Heilige Gees. Die mens verrig egter ook diens deur sy lof, gebede en dankoffers. 'Ook word er dienst aan elkaar verricht. We oefenen gemeenschap met elkaar, nemen elkaar mee in het samen bidden, luisteren, zingen en offeren' (Trimp 1983:59). Trimp gaan selfs verder deur die handelinge in die kerk as handelinge deur die volk van die verbond te sien. Met elke erediens word ons opnuut broers en suster in Christus. So word elke erediens 'n fees van verbondsvernuwing (Trimp 1983:59).

#### 4.2.1 Die erediens

Daar is reeds gewys op die dialogiese karakter van die erediens, met 'n voortdurende wisselwerking tussen die Goddelike indikatief en die imperatief wat as gevolg van die indikatief die verantwoodelikheid van die gelowige word. In die erediens gaan dit 'om die verkeer tussen Christus en sy gemeente as gemeente, as die volk van die Here, as die Kerk van die Here' (Barnard 1986:387-388). Jonker (1978:35) sê dat die liturgie as orde vir die erediens die waarheidsrealisering van die Woord van God in die samekoms van die gemeente van Christus is. Hieruit is dit reeds duidelik dat die liturgie nooit los van die gemeente as gemeente van Christus kan staan nie. Die gelowiges is nie as enkelinge deelnemers aan die erediens nie, maar as 'n gemeente van God, as die volk van God. Trimp (1983:11) beweer daarom ook 'dat de liturgie ook mag zijn een brandpunt van pastorale zorg voor elkaar als lede van het ene lichaam'.

Die kerk en die gemeente is 'n gemeenskap en volgens die opdrag van God moet daar samekomste plaasvind. Hoewel daar ook ander samekomste in die lewe van die gemeente plaasvind, is die erediens die primêre samekoms waar die gemeente as gemeenskap opgebou kan word. Die gelowige dra konkreet tot die gemeenskap van die gelowiges in die eredienste by deur bywoning en meelewing in die

erediens (Van Rooyen 1983:84). Dit wat in die erediens gebeur moet die gelowiges daartoe dring om 'ook ons lichaam, ons leven en zijn, onze daadkracht en ons denken, onze handelingen en onze beslissingen als een offerlam in dienst te stellen' (Jonker 1978:98).

Die Woord van God in die erediens moet dus die gelowige tot 'n gemeenskap met die medegelowiges saamsnoer en hom oproep tot dienslewering en opoffering teenoor sy naaste as uitlewing van die horisontale imperatief. Die eienskap van die gemeenskap van die gelowiges wat hom onderskei van ander gemeenskappe is dat die gelowiges deur onderlinge liefde saamgebind word (Trimp 1983:54). Dit wat tydens die erediens begin is, verbreed verder tot die lewe buite die kerk in die samelewing waar die gelowiges woon en werk (Gelineau 1978:39). Trimp ag die lewe in dankbaarheid in antwoord op die eis van God as noodsaaklik vir die onderhouding van die erediens (Trimp 1983:57). As die erediens nie lei tot 'n dankbare geloofslewe wat in naasteliefde tot uiting kom nie, kan die erediens nie as 'n sinvolle verkondigingsgeleentheid gesien word nie. Die Goddelike indikatief roep noodwendig na die horisontale imperatief.

Die erediens dring die gemeente nie slegs tot onderlinge gemeenskap nie, maar ook tot gemeenskap en naasteliefde met ander gelowiges in ander gemeentes. Daar is selfs 'n 'sywaartse' verbondenheid met die volk van God in alle lande (Trimp 1983:64).

Daar word vandag al meer gepleit vir die herinstelling van die gebruik van huisgemeentes (Van Rooyen 1983:85). Die sinvolheid al dan nie van huisgemeentes kan nie hier bespreek word nie, maar dit moet onomwonde gestel word dat die samekoms in 'n erediens as 'n onvervreembare eis van God aan die gemeente gestel word. Waar die gemeente as geheel in die erediens byeen is, stig God deur die Woordgemeenskap met Hom.

### 4.2.2 Die onderskeie eredienselemente

Hier word gekyk hoe die eredienselemente ingespan kan word om gelowiges tot die volle besef van die appèl van die Goddelike indikatief te bring. Wanneer die indikatief van die mens beslag geneem het, sal die gemeenskap van die gelowiges, die naasteliefde, as spontane uitvloeisel na vore kom. Die warmte en vriendelikheid wat deur baie mense verwar word met die gemeenskap van die gelowiges, sal 'n noodwendige gevolg van die gemeenskap van gelowiges wees. Tydens die erediens word die Woord van God aan die mens verkondig. Die Woord van God dring die gemeente egter tot 'n reaksie, 'n reaksie in skuldbelydenis, lofprysing, dankoffers, deelname aan die heil, gemeenskap onder mekaar en onderlinge diensbetoning. As al hierdie elemente nie in die erediens 'n plek kry nie, word daar aan die Woord te-

kort gedoen (Jonker 1978:94). De Klerk (1982:33) stel dit dat daar in die dialogiese verkeer tussen God en gemeente 'n onderlinge deelgenootskap (*koinonia*) in die hele samesyn en al die liturgiese handelinge tot uitdrukking kom.

#### 4.2.2.1 Votum

Die votum is die amptelike begin van die erediens. Dit dien as proklamasie dat die byeenkoms vir God welbehaaglik is (De Klerk 1982:69). Daarmee word gesê dat die samekoms van die gemeente die wil van God is. Die gemeente wy hulle met die votum as 'n gebed aan God toe, en bely ook daarmee dat hulle tot die eer van God die erediens bywoon. Hieruit vloei 'n belydenis dat alles uit God deur God en tot God gerig is deurdat die gemeente erken dat hulle in alles van God afhanklik is. Hiermee erken die gemeente ook dat God die een is wat hulle byeen laat kom deur die verlossingswerk wat reeds deur Christus gedoen is. Met die votum neem die dialogiese gebeure tussen God en die gemeente 'n aanvang.

Dit is opmerklik dat by al die teksverse wat as moontlike vota deur die Nederduitsch Hervormde Kerk van Afrika voorgeskryf word, wanneer die eerste persoon ter sprake is, dit deurgaans meervoudvorm gebruik word (Diensboek 1987:8-11). Die gemeente word nooit aan die woord gestel as bestaande uit individue nie, maar as die volk van God. Dit is egter waar dat die gemeente nie altyd besef wat die doel van die votum en die betekenis vir die gemeenskap van die gelowiges is nie. Om hierdie rede sal voortdurende onderrig oor die betekenis van die votum en al die ander eredienselemente in die gemeente moet plaasvind. Die gemeente moet geleer word om bewustelik betrokke te wees by die votum, en om die genoemde woorde as 'n gebed voor God te bid. Daar moet ook klem gelê word op die gesamentlike gebed voor God, aangesien daar van 'n korporatiewe aanroep van die Naam van God in die votum sprake is. As die aksent in 'n spesifieke erediens op die gemeenskap van die gelowiges val, moet die liturg 'n votum gebruik wat die gemeente as volk van God na vore bring, soos byvoorbeeld Psalm 18:3, Psalm 27:1, Psalm 65:5, Psalm 103:1, 2 en Psalm 125:1, 2.

#### 4.2.2.2 Seëngroet

Volgens Barnard (1985:540) het die groet aanvanklik as die begin van die erediens gefunksioneer. Beukes stel dit duidelik dat die seëngroet soos dit vandag in die kerk realiseer, nie bloot die groet van die liturg aan die gemeente is nie, maar dat hy met die groet namens God die gemeente groet: 'Deur hierdie "groet" verklaar God dat Hy met die gemeente wil kontak maak. Hy wil sy genade aan die gemeente betoon' (Beukes 1987:16). Deur die seëngroet word die gemeente verseker dat God met

hulle in gesprek wil tree om sodoende aan die gemeente die Goddelike indikatief te verkondig.

Die vraag ontstaan nou of dit nie sinvol sou wees om terug te keer na die gebruik dat die gemeente die liturg op sy groet moet antwoord nie. Hoewel dit aangevoer kan word dat die gebruik die gemeente se betrokkenheid sal verhoog, is daar onsekerheid of dit noodwendig die gemeenskap van die gelowiges tot voordeel sal strek. Dit sal groter vrug vir die gemeenskap van die gelowiges hê as die gemeente besef wat tydens die seëngroet gebeur. As hulle besef dat God hulle deur die liturg groet en hulle so verseker van sy teenwoordigheid en sy voorneme om in die komende erediens aan die gemeente as eenheid genade te betoon, moet daar 'n groter ontvanklikheid met die hoor van die Goddelike indikatief wees. Op hierdie wyse word die spreke van God wat die mens tot verantwoordelikheid roep, die bron vir gemeenskap en nie kunsgrepe wat kortstondige meelewing bewerk nie.

#### 4.2.2.3 Sang

Sang kan een van die sterkste middele wees om die eenheid van die gemeente voor God uit te druk, en so die gemeenskap van die gelowiges te bevoordeel. Daar blyk nie 'n geskikter wyse vir die gemeente in die dialogiese wisselwerking in die erediens te wees nie as juis deur middel van sang. Deur middel van die sang kan die gemeente God antwoord en self die gemeenskap met die medegemeentelede ervaar.

Sang word op verskillende plekke in die erediens gebruik. Na die votum en die seëngroet sing die gemeente om God te loof en te dank dat Hy met sondaars in ontmoeting wil tree en dat Hy met hulle as gemeente bemoeienis wil maak. Na die wetlesing is sang 'n gesamentlike skuldbelydenis van die gemeente, waardeur daar in werklikheid erken word dat die mens afhanklik is van die verlossingswerk van God. Sang het die rol van 'amen sê' en toewyding aan God as dit na die geloofsbelydenis gebruik word. Na die Skriflesing dien sang as 'n geloofsantwoord op die woorde van God uit die Skrif. Met die slotsang kan God se genade ook weer gevra word om die preekboodskap te gaan uitleef. Dit word met ander woorde 'n hernude toewyding aan God op grond van die indikatief wat in die preek gehoor is.

In al die gevalle wat genoem is, is dit duidelik dat sang 'n invloed het op die gemeenskap van die gelowiges. Soms is sang die antwoord op die indikatief en dus 'n toewyding aan God en sy opdragte. Ander kere is dit die gesamentlike belydenis van die gemeente of het die sang selfs 'n verkondigingskarakter. Dit is verder belangrik dat die gemeente sal besef dat hulle saam as gemeente voor God jubel en saam bly is. Hulle wy hulle as gemeente toe aan God en doen saam 'n skuld- of geloofsbelydenis.

Die vraag ontstaan nou hoe sang maksimaal in die gemeente aangewend kan word ter bevordering van die gemeenskap van die gelowiges. Dit is van die allergrootste belang dat die gemeente weet hoekom hulle sing. As die gemeente nie weet dat hulle sing om hulle aan God toe te wy nie, sal hulle aan die einde van die sang nie toewyding ervaar het nie. Om dié rede kan die inhoud van die lied voor die sing daarvan aan die gemeente uitgespel word, omdat baie mense die liedere onnadenkend sing. Wanneer die essensie van die lied of die woorde wat die liturg die gemeente wil laat sing, uitgewys is, kan die gemeente op 'n nadenkende wyse die woorde van die lied oor hulle lippe bring. Verder moet die liturg sy liedere so kies dat die inhoud van die lied gepas is vir die geleentheid en posisie in die erediens. As die liturgie vra om 'n lied waarmee toewyding uitgedruk word, moet die lied wat gesing word, daardie inhoud oordra.

In sy keuse van liedere vir die erediens moet die liturg hom altyd afvra of die lied singbaar vir die gemeente is. Daar is niks wat so 'n demper op die erediens plaas as juis 'n lied wat halfhartig gemompel moet word omdat die gemeente nie vertroud is met die melodie nie. As sang as 'n element voorgehou word wat die gemeente tot 'n antwoordende eenheid saambind, moet dit deurgaans vir die gemeente moontlik bly om die lied te kan sing. Nou hieraan verbonde is die begeleiding van die liedere. Die begeleiding moet die gemeente entoesiasties stem om die inhoud van die lied werklik as die inhoud van hulle gedagtes aan God op te dra.

4.2.2.4 Wetlesing

God het sy Wet aan sy volk gegee. Hy gee dit as Godgegewe reël om aan te toon hoe Hy wil hê sy volk as dankbare verloste volk behoort te lewe (Barnard 1985:545). Binne 'n Nuwe-Testamentiese gemeenskap het die Wet nie sy appèl op die mens verloor nie, maar kry dit die verandering in betekenis dat dit nie meer 'n middel tot die verkryging van die heil is nie, maar die lewensreël word waarvolgens die verloste sondaar dankbaar tot die eer van God lewe. Volgens die Nuwe Testament is die wese van die Wet die liefde tot God en die liefde tot die naaste. In die Wet vind die Christen juis die imperatief wat die gelowige se verantwoordelikheid word as hy die Goddelike indikatief gehoor het. Die gemeenskap van gelowiges kom juis na vore in die uitleef van die Wet, wat die uitleef van die Christelike liefde impliseer.

Die Wetlesing speel daarom 'n grootse rol in die erediens en die gemeenskap van die gelowiges. Dit word die opdrag tot gemeenskap en die uiteensetting van hoe hierdie gemeenskap bedryf moet word. Omdat die gemeentelede soms onkundig is oor hierdie eredienselement, moet hulle onderrig word in die bedoeling en die sin daarvan. Daar kan selfs 'n frase voor die Wetlesing as aankondigingsspreuk ingevoeg word waarin gestel word dat die gemeente nou moet luister hoe God verwag

dat hulle as verloste mense teenoor Hom (vertikale dimensie) en teenoor hulle naaste (horisontale dimensie) moet lewe; met ander woorde, wat die gelowige se verantwoordelikheid is in sy gemeenskap met God en sy naaste.

#### 4.2.2.5 Skuldbelydenis

Die erediensélement wat na die Wetlesing volg, het dit ten doel om te bely dat die gemeente nie die opdrag van God tot gemeenskap gehoorsaam nie, maar eerder deur die sonde daardie gemeenskap skade berokken. Verder bely die gemeente as eenheid hulle sonde teenoor God. Daar is niemand in die gemeente wat buite die skuldbelydenis staan nie, omdat almal teen God gesondig het. Tog word die kollektiewe sonde van die gemeente nie bely nie, maar die sonde van elke gelowige. Dit is noodsaaklik vir die gemeente om te besef dat elkeen voor God skuldig staan, en dat hulle nou as verloste sondaars saam voor God kan staan en sondebelydenis doen. Dit is deur God se verlossingswerk vir hulle moontlik gemaak om belydenis te kan doen. Deur God se verlossingswerk is dit nou, ten spyte van die sonde, opnuut moontlik om gemeenskap met God en met mekaar te beoefen.

#### 4.2.2.6 Genadeverkondiging

In die genadeverkondiging lê die groot samebindende faktor vir die Christelike gemeente. Noudat die sonde teenoor God bely is, hoor die gemeente van God dat hulle ten spyte van hulle sonde verloste mense is, en dat hulle met Hom gemeenskap mag hê. Dit wat die gemeenskap van gelowiges anders maak as enige ander samebindende element in ander godsdienste en groepe is dat almal deur die toedoen van God verloste mense, begenadigdes is en dat daardie wete hulle tot onderlinge gemeenskap dring.

#### 4.2.2.7 Geloofsbelydenis

Noudat die gelowiges opnuut besef het dat hulle verlos is, gaan hulle spontaan oor in 'n belydenis van hulle gemeenskaplike geloof. Die geloofsbelydenis is 'n gesamentlike belydenis tussen die gelowiges onderling, tussen gelowiges van verskillende kerke op ander plekke en selfs tussen gelowiges oor alle tye. Hieruit word die wydste verband tussen die gelowiges duidelik. In die geloofsbelydenis kom die saak van die gemeenskap van die heiliges ter sprake en bely die gemeente dat die gemeenskap bestaan. Daardeur sê die gelowige ook dat dit 'n realiteit is wat ook veronderstel is om in sy lewe te realiseer.

Aangesien die geloofsbelydenis volg op die genadeverkondiging en dit die gemeente se antwoord op die verlossingswerk van God – op die evangelie – bevat, kan die geloofsbelydenis as die belangrikste antwoord van die gemeente in die erediens

beskou word. Tog is dit waar dat baie gemeentelede selfs die geloofsbelydenis onnadenkend aanhoor. Dit kan baie vrugbaar wees as die kerk die bestaande of nuwe toonsettings van die Twaalf Artikels gebruik as geloofsbelydenis van die gemeente. Dit sal veral vir die gemeenskap van die gelowiges sinvol wees aangesien die gemeente dan saam as 'n eenheid van gelowiges antwoord op die genadeverkondiging wat hulle ontvang het. Deur van 'n toonsetting gebruik te maak, word die moontlike wanorde van gesamentlike opsê van die belydenis uitgeskakel.

Die lied wat op die geloofsbelydenis volg het ten doel om die gemeentelede die geleentheid te bied om hulle opnuut aan God toe te wy. Daarmee word aangetoon dat die geloofsbelydenis nie in die lug hang nie, maar dat dit 'n daadwerklike gevolg sal hê in die lewe van die gelowiges. Die geloofsgemeenskap wat onder andere bely is, moet nou uitgeleef word.

#### 4.2.2.8 Gebed

Dit wil voorkom asof die gemeente nie altyd besef wat 'n voorreg hulle het om God as 'ons Vader' aan te spreek nie. Tereg vra Trimp (1983:69) of die gebed nie verword het tot net 'n dooie formule of religieuse pligpleging waarin die dankbare hart van die kinders van God nie meer terug te vind is nie. Die belang van die gebed kom veral na vore in die lig van die Heidelbergse Kategismus se stelling in Sondag 45, naamlik dat die gebed die vernaamste deel van die gelowige se dankbaarheidslewe is (Diensboek 1987:199).

Gebed is die gelowige se antwoord op die Woord van God. Gebed is net moontlik omdat God dit vir die mens moontlik gemaak het. As gevolg van die verlossingswerk van Christus is die weg na God vir die mens geopen. Om hierdie rede word die gebed ook in die Naam van Jesus Christus gedoen. Die gebed in die erediens is nie 'n gebed van enkelinge nie, maar van die gemeente tot God: 'Dit smee die gemeente saam tot 'n eenheid' (Beukes 1987:34).

Die vraag kom nou na vore of die gemeente nie eerder self moet bid in plaas daarvan dat 'n liturg namens die gemeente bid nie. Die gebed in die erediens is nie die gebed van 'n aantal individue nie, maar die gebed van die gemeente. Om dié rede sal 'n liturg altyd die gebed namens die gemeente moet doen. Dit plaas egter 'n baie groot verantwoordelikheid op sy skouers. Daar moet deeglik voorberei word aan die gebed sodat dit die gebed wat die gemeente in hulle harte het, kan verwoord.

Die doel van die gebed sal van die plasing in die erediens afhang. So sal die epiklesegebed die smeking wees om die krag wat nodig is om die Woord so duidelik aan die gemeente te bring dat hulle die Goddelike indikatief hoor asook die oproep tot die verantwoordelikheid teenoor hulle naaste. Die algemene gebed sal ook on-

der andere die aspek van die welwese van die gemeente as inhoud moet hê. Daar moet gebid word vir die opbou van die gemeente sodat die gemeente gehoorsaam die opdragte van God kan uitvoer. Ook die gemeente se behoeftes moet voor God gebring word. Die gebed na die prediking moet altyd die smeking bevat dat God die krag aan die geiowiges sal gee dat hulle die Woord sal glo en dit tot uitvoer sal bring.

#### 4.2.2.9 Skriflesing en prediking

Hierdie twee eredienselemente is nou aan mekaar verbind rondom die saak van die gemeenskap van die gelowiges. God is hier aan die woord en praat met sy volk, sy gemeente. As daar uit die Bybel gelees word is God aan die woord, en met die prediking kom God deur die prediker met die werking van die Heilige Gees ook tot spreke.

Rondom die Skriflesing is dit belangrik dat die gemeente sal besef dat God met hulle as gemeente praat. Ook deur die prediking word gelowiges as gemeente, as eenheid, aangespreek. In die voorbereiding van die preek moet die liturg dit altyd as uitgangspunt beskou dat hy die Goddelike indikatief en al die verantwoordelikhede wat daaruit voortvloei, onomwonde aan die gemeente sal verkondig. Die konsekwensie van die indikatief moet ook deurgetrek word na die uitleef van die gemeenskap van gelowiges. Daar sal meer oor die gemeenskap van die geiowiges self gepreek moet word sodat dit 'n werklikheid in die denke van die kerk se lidmate word en nie bloot 'n vae gedagte uit die geloofsbelydenis bly nie. Die lidmate moet vanuit die prediking verstaan wat gemeenskap is, hoe dit gestig word en hoe dit in die lewe van die gelowige moet realiseer. As die kennis nie aan die lidmate oorgedra word nie, sal nie een van die reeds genoemde voorstelle kan slaag nie.

#### 4.2.2.10 Seën

Die erediens is begin deur die votum uit die Woord van God. Die erediens word ook afgesluit uit die Woord en wel met die seën. 'Die doel van die seën is om aan die gelowiges die versekering te gee dat God saam met hulle die wêreld ingaan en dat Hy dit wat in die erediens met hulle gebeur het [die ontmoeting] en wat hulle ontvang het [die geloof] in hulle alledaagse lewe steeds wil gee en steeds wil laat ontvang' (Beukes 1987:56). God wil met ander woorde sy heilsgoedere aan hulle skenk. Die seën van God kom tot die gemeente as geheel en gee aan die gemeente die versekering dat God hulle ook in die week van krag sal voorsien om as verloste mense te lewe.

4.2.2.11 Offergawes

Die gelowige is geroepe om hom oor die mens in nood te ontferm. Na die afloop van die erediens waar die gelowige gehoor het wat God aan hom gegee het en wat God van hom verwag, kry hy die geleentheid om daadwerklik aan sy medegelowiges 'n diens te lewer. Omdat hy reeds soveel van God ontvang het, wil hy ook daarvan aan die behoeftiges gee. In 'n sekere sin is die gee van 'n offergawe na die erediens die eerste daadwerklike bewys dat die gelowige op die oproep van God antwoord om gemeenskap met sy naaste te beoefen en diens aan hom te bewys. Die ganse werk van die kerk rondom die diakonie is begrond in die *koinonia* (NGK 1986:40). Die mens wat deur God vernuwe is, is 'n mens wat in dienslewering uitreik na ander. Dit is presies wat gebeur in die gee van die offergawes na die erediens. Tog het dit in die kerk afgewater tot 'n blote pligpleging. Die lidmate moet weer besef waarom dit in die gee van die offergawe gaan.

4.2.2.12 Afkondigings

Na afloop van die erediens kan die gelowige wat erns met die geleentheid gehad het, nie meer dieselfde mens wees nie. Die gelowige wat besef wat God vir hom gedoen het en wat God van hom verwag, kan nie dieselfde uit die kerk uitstap as wat hy daar ingekom het nie. Die afkondigings kan nou die geleentheid aan die lidmaat bied om te besef waar hy tot diens kan wees. Deur die afkondigings na die erediens in afgerolde vorm aan die gemeente beskikbaar te stel, kan elke gelowige aanspreek om te besluit waar hy nou die oproep tot gemeenskap kan begin uitleef. Alles wat in die gemeente gebeur, moet op die uitdeelstuk verskyn sodat lidmate kan besluit waar hulle betrokke wil raak. Verder moet persoonlike inligting oor gemeentelede ook daarop verskyn: Dit sluit dood, siektes, herstel van siekte of enige vreugdes van gemeentelede in. Op hierdie wyse kom gelowiges tot kennis van die omstandighede van hulle medegemeentelede en roep dit hulle op tot ondersteuning, hulp en gelukwensing.

4.2.3 Sakramente

In die sakramente kom daar drie liturgiese momente na vore: Die *doop* en die *Nagmaal* is primêr die verkondiging en betuiging van die genade wat van God kom. Tog impliseer die sakramente ook deelname van die gemeente. Saam met die bogenoemde twee liturgiese elemente lig Jonker 'n derde moment uit naamlik die *sakramente as gemeenskapsbeoefening* met die medegelowiges (Jonker 1978:132). In beide sakramente vind daar 'n vernuwing van die ek-God-verhouding plaas. Daarnaas is daar die verhouding met die medegelowige wat die ek-God-verhouding laat verbreed tot 'n ons-God-verhouding. Jonker (1978:133) belig in hierdie opsig veral die

gemeente as verbondsgemeente. God handel nie net in die persoonlike eksistensie nie, maar ook in die gesinsverband en gemeenteverband. Met die sakramente vind daar dus primêr gemeenskap met God plaas, maar dit verbrei tot die horisontale gemeenskap tussen die gelowiges.

#### 4.2.3.1 Doop

Daar word verkeerdelik deur gemeentelede gedink dat die sakrament van die doop net belang het vir die persoon wat gedoop word en die ouers wat die baba ten doop bring. Met die doop word daar aan die hele gemeente die versoening deur Jesus Christus betuig en verseël. Die ganse gemeente word deur die doop van een persoon herinner aan sy eie doop en kry opnuut die versekering dat hy aan God behoort. Die doop is die versekering vir elke gelowige dat die verbond met God onwankelbaar vas staan. Vir die gemeenskap van gelowiges is dit dus van belang dat die gemeente sal besef dat die doop hulle as gemeente weer die versekering van hulle eie redding gee. Die doop moet altyd 'n geleentheid van groot vreugde vir die gemeente wees omdat die doop die teken is dat nog 'n mens tot die volk van God en tot die gemeente van God toegevoeg is. Die gemeente wat binne die verbond staan, word deur die doop afgegrens tot die eiendomsvolk van die Here (De Klerk 1982: 90).

Die belofte wat deur die ouerpaar afgelê word, word in die teenwoordigheid van die gemeente afgelê sodat die gemeente as getuies van die belofte van die ouers voor God kan dien en dat die gemeente die ouers kan vermaan as hulle nalaat om die belofte na te kom. Die aflegging van die belofte kan alleen sin hê as daar 'n gemeenskap van die gelowiges bestaan.

Dit is belangrik dat die liturg die gemeente daarop wys dat hulle self deel moet hê aan die sakrament van die doop ten tye van 'n ander persoon se doop. Die gemeente moet bewus wees dat die doop al die gemeentelede saambind tot 'n geloofs- en verbondsgemeenskap. Ook moet die gemeente besef dat hulle 'n verantwoordelikheid teenoor die dopeling en sy ouers het. Hulle moet ná die doop hulle medegelowige in liefde vermaan, vertroos en bemoedig soos wat God dit van broers en susters in die geloof verwag.

#### 4.2.3.2 Nagmaal

Met die Nagmaal word die gemeenskap met Christus, wat beseël is in die doop, op 'n baie besondere manier in stand gehou (Van Rooyen 1983:92). Tog is die Nagmaal veel meer as net die instandhouding van die gemeenskap met Christus; dit is die eredienselement wat by uitstek die gemeenskap van die gelowiges vergestalt. Dit roep die gelowiges op tot gemeenskap. Rondom die Nagmaaltafel word die die-

pe eenheid van die gelowiges sigbaar. Die eenheid moet nie soseer in die aantal tafels gesoek word nie, maar in die brood en die wyn wat as simbole almal om die tafel saambind omdat almal deur die simbole sekerheid ontvang rakende hulle verbondenheid met Christus. Om hierdie rede kan die gemeenskap van die gelowiges nie as motivering vir die afskaffing van die aansit om die tafel gebruik word nie.

Die krag van die Nagmaal vir die gemeenskap van die gelowiges lê in die sigbare en tasbare wyse waarop die gemeente opnuut van die verlossing van Christus verseker word. Met die versekering vind daar gemeenskap met God plaas. Die Nagmaal roep egter die gelowige ook op om sy lewe aan God te wy en gemeenskap met God te beoefen (Van Rooyen 1983:93). Die hernude versekering van die vertikale ingrype van God in Christus lei dus tot die toewyding van die lewe aan God en die gehoorsaamheid aan die bevele van God, ook ten opsigte van die naasteliefde. Daarom word daar na afloop van die Nagmaal 'n offergawe gegee as simbool van die horisontale invloed van die heilsdade van God wat opnuut in die Nagmaal na vore gekom het. Die offergawe wat by die Nagmaaltafel gebring word, mag daarom ook vir niks anders as barmhartigheidswerk gebruik word nie, want deur die offergawe word die voorneme tot die beoefening van die gemeenskap van die gelowiges bevestig.

Ook hier moet die liturg die gemeente inlig oor die simboliek en betekenis wat inherent is aan die Nagmaal. Die gemeente moet besef wat hulle by die Nagmaal ontvang en wat die inhoud van elke daad van die gelowiges aan die tafel het. Die invloed van die Nagmaal op die lewe van die gelowige wat erns met die betekenis van die sakrament maak, moet meer gereeld as preektema ten tye van die Nagmaalsdiens of veral die dankseggingsdiens gebruik word. Die beoefening van naasteliefde of die gemeenskap van die gelowiges kry dan die regte inhoud, naamlik dankbare toewyding aan die bevele van God omdat die gelowige besef dat hy reeds alles van God ontvang het.

## 5. GEVOLGTREKKING

Daar is gepoog om aan te toon dat die gemeenskap van gelowiges die naasteliefde is wat God van elke gelowige verwag. Daar is ook gepoog om aan te toon dat die erediens in sy wese dinamies is en nie dinamies gemaak hoef te word nie. Die erediens is in sy wese gemeenskapstigtend en dit is nie nodig om allerlei truuks en kunsgrepe uit te oefen om die erediens gemeenskapstigtend te maak nie. Die rede waarom gelowiges nie altyd gemeenskap in die erediens ervaar nie, en gemeenskap nie altyd die uitvloeisel van die erediens is nie, is omdat daar onkunde by die gemeente oor die betekenis van die eredienselemente en die sakramente bestaan en omdat die eredienselemente nie altyd met die regte inhoude ingeklee word nie.

Die gemeente moet sodanig onderrig word dat hulle nie alleen verstaan wat 'gemeenskap van die gelowiges' beteken nie, maar ook wat die inhoud en betekenis van elke eredienselement behels. Eers wanneer die gemeente dit alles begryp, kan daar sinvol begin word om die erediens so in te klee en aan te bied dat die gemeenskapstigtende in die erediens na vore kom. Dit is nie nodig om dramatiese veranderinge aan die bestaande liturgie van die kerk aan te bring nie. Al voorvereiste is dat die volle impak en betekenis van die bestaande erediens en liturgie deel moet wees van die gelowiges se verwysingsraamwerk as hulle die kerkgebou binnestap. Die oomblik as die gemeente met daardie kennis en gesindheid in die erediens instap, kan die erediens word wat dit bestem is om te wees, naamlik die gemeente van God se ontmoeting met God en dit wat Hy vir hulle gedoen het sodat hulle Hom kan loof en dank – in die erediens en in die daaglikse lewe. 'n Dankbare geloofslewe sal tot gevolg hê dat die gelowige nie anders kan as om ook in naasteliefde en noue gemeenskap met die medegelowige saam te lewe nie.

Literatuurverwysings

Barger, H H & Thelemans, O 1914. *De Heidelbergsche Catechismus*. Utrecht: Kemink & Zoon.

Barnard, A C 1985. *Die erediens*. Pretoria: NG Kerkboekhandel.

Beukes, M J du P 1987. Die verskillende elemente van die erediens. Ongepubliseerde klasaantekeninge, Universiteit van Pretoria.

--- 1989. Die erediens – Bybelse gegewens. Ongepubliseerde studiegids, Departement Praktiese Teologie (Afd A), Universiteit van Pretoria.

--- 1990. Die erediens. Ongepubliseerde studiegids, Departement Praktiese Teologie (Afd A), Universiteit van Pretoria.

Buitenweg, N H 1987. Nuwe-Testamentiese perspektiewe op die wese van koinonia en die aktualisering daarvan in die gemeente. Ongepubliseerde studiestuk.

De Klerk, J J 1982. *Liturgiese grondlyne*. Kaapstad: NG Keekuitgewers.

Diensboek van die Nederduitsch Hervormde Kerk van Afrika 1987. Pretoria: NHW Pers.

Dressel, L C 1979. Die aanddiens. DD-proefskrif, Universiteit van Pretoria.

Du Rand, J A 1985. Die dinamiek van Christenskap – Koinonia. *Fax Theologia* 5/1, 55-76.

Gelineau, J 1978. *The liturgy today and tomorrow*. London: Darton, Longman & Todd.

Jonker, H 1978. *Liturgische orientatie*. Pretoria: NG Kerkboekhandel.

Nederduitse Gereformeerde Kerk: Algemene Kommissie vir die diens van barmhartigheid, 1986. *Diakonia en Koinonia: Die diakonaat en die gemeenskap van die heiliges*. Pretoria: NG Kerkboekhandel.

Nel, M 1982. *Jeug en evangelie*. Pretoria: NG Kerkboekhandel.

Oberholzer, J P 1986. *Die Heidelbergse Kategismus*. Pretoria: KITAL.

Schaeffer, F A 1970. *The Church at the end of the twentieth century*. London: The Norfolk Press.

Seeseman, H 1933. *Der begriff koinonia im Neuen Testament*. Göttingen: Topelmann.

Trimp, C 1983. *De gemeente en haar liturgie*. Kampen: Uitgeverij Van den Berg.

Van As, J J 1983. Die gemeente as gemeenskap van gelowiges. BD-skripsie, Universiteit van Pretoria.

Van Rooyen, H A 1983. Die erediens as koinonia. Ongepubliseerde verhandeling vir nagraadse diploma, Universiteit van Pretoria.

Van Wyk, H W J 1985. Die belewing van die erediens deur die tiener. Ongepubliseerde verhandeling vir nagraadse diploma, Universiteit van Pretoria.

Wielenga, B 1947. Onze Catechismus. Kampen: Kok.